Gebedsendelinge

Die één tema wat my in die afgelope paar jaar toenemend besig gehou het en wat na my mening vir die kerk van Christus van wesenlike belang is, is voorbidding vir die onbereikte groepe in die wêreld.

Bykans 70% van alle vooruitgang in sendingwerk sedert Christus se hemelvaart, het plaasgevind vanaf die jaar 1900. Ongeveer 70% dáárvan het na die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind. En 70% in dáárvan het in die laaste 36 maande plaasgevind (1990-1992). Andersom gestel: 30% van alle uitbreiding in die sending sedert die hemelvaart van Christus het plaasgevind in die 36 maande vanaf begin 1990 tot aan die einde van 1992. Dit beteken dat daar ‘n ongekende uitbreiding van die evangelie plaasvind - en dit hou verband met ‘n groter hoeveelheid doelgerigte voorbidding wat gerig word op die bereiking van die ongereddes met die evangelie van Jesus Christus.

Die doel van hierdie skrywe is om riglyne vir voorbidders te gee oor hoe om deur middel van gebed uitvoering te gee aan die Groot opdrag. Daar is verskillende maniere waarop die Groot Opdrag uitgevoer kan word: ons kan getuig daar waar ons is, ons kan onsself vir die bediening bekwaam en uitgaan en die evangelie gaan verkondig, of ons kan ons self vir die sendingveld beskikbaar stel en fisies gaan sendingwerk doen. Bogenoemde is almal opdragte van die Here wat duidelik in die Skrif na vore kom. Daar is egter nóg ‘n manier om sendingwerk te doen en dit is deur middel van gebed.

Die nuwe term wat in die afgelope jare in omloop gekom het, is *gebedsendelinge.* Dick Eastman van **Every Home for Christ** en **Worldwide School of Prayer**, gebruik in sy boek **Love on its knees** die begrip **world prayer missionaries**. Ek maak gebruik van hierdie term van hom en baie van die inligting in die volgende paragrawe, kom uit sy boeke.

‘n Gebedsendeling is iemand wat ‘n land of geografiese area neem/aanneem en daagliks, op ‘n sistematiese wyse, vir daardie land begin bid. in Gebedsendeling is iemand wat nie fisies na die sendingveld gaan nie, maar vanuit sy huis die werk van gebed verrig en sodoende sendingwerk doen. Die gebedsendeling berei, deur gebed, die akker voor, sodat die saad wat deur die sendeling gesaai word, op vrugbare grond sal val. Sy werk kan met die van ‘n dorssleë vergelyk word: "Ek maak jou ‘n skerp dorssleë, ‘n nuwe met baie tande; jy sal berge dors en fynmaal, jy sal van rante kaf maak" **(Jes.41:15)**. ‘n Dorssleë word gebruik om die grond voor te berei sodat die saad gesaai kan word. Kyk na **Jesaja 62:1 en 10**: *"Ter wille van Sion sal ek nie swyg nie, ter wille van Jerusalem sal ek nie stilbly nie totdat daar vir hom redding deurgebreek het soos in nuwe dag, soos die lig van ‘n brandende fakkel... Gaan uit, gaan uit by die poorte, maak die pad gereed vir die volk! Vul die grootpad op, vul dit op! Vat weg die klippe! Steek ‘n banier op dat die volke dit kan sien!"* Hy is in voorloper, ‘n wegbereider. Hy is deel van God se vegspan in die stryd teen die koninkryk van die duisternis. Die gebedsendeling tree met gesag op in hierdie stryd teen die duisternis om die weg vir die evangelie voor te berei: *"Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig"* **(Jer.1:10)**. Die gebedsendeling en die sendeling is medewerkers. Die een kan nie sonder die ander nie.

Die voordeel van die gebedsendeling is dat hy in plekke en lande kan inkom waar die verkondiging van die evangelie verbode is. Niemand kan die gebedsendeling se gebede verhinder om oor landsgrense en groot afstande hulle effek te hê nie.

Die volgende kan dien as riglyne vir iemand wat ‘n gebedsendeling wil word:

1. ‘n Gebedsendeling kan enige gelowige wees wat kans sien om, in opdrag van die Here, die werk van gebed te doen: ‘n afgetrede gelowige, ‘n skolier, ‘n student, ‘n sakeman, ‘n sekretaresse of ‘n klerk in ‘n winkel. En moenie die kinders vergeet nie.

2. Skaf vir jou die boek **Operation World** van **Patrick Johnstone** aan. Bid tot die Here en vra vir Hom in watter land jy moet gaan "*sendingwerk*" doen. Bid elke dag vir verskillende lande. Mettertyd sal jy meer aangetrokke voel tot sommige lande. Sodoende skakel jy ander lande uit en uiteindelik sal daar een of twee lande, of 'n spesifieke geografiese area oorbly waarvoor jy kan bid. Soms is 'n hele land te groot. Konsentreer dan op 'n kleiner geografiese deel van daardie land. Baie gebed is nodig vir lande wat onder die invloed van Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en Sjintoïsme is. Gebedsendelinge kan hier 'n sleutelrol speel. Slegs 2% van alle sendelinge in die wêreld werk in Moslemlande, terwyl 18,4% van die wêreldbevolking Moslems is. Die deur na die Moslemwêreld is besig om oop te gaan. Nou, meer as ooit te vore, is gebed vir hierdie Moslemlande nodig.

3. Gaan doen nou deeglik navorsing oor die spesifieke land waarvoor jy wil bid. Kry vir jou 'n kaart van die land, merk die belangrikste dorpe en bid elke dag vir of twee van daardie dorpe. Besoek die biblioteek, kyk TV, luister radio, lees die koerant en wees sensitief vir enige inligting oor daardie land wat mag deurkom. Watter mense groepe vind ons in die land? Wie is die president en die belangrikste leiers 'n die land? Watter godsdiens(te) tref ons in die land aan? Watter kerke is daar, watter sendingorganisasies is daar werksaam en wie is die sendelinge? Skryf alle ter sake inligting neer sodat jy dit kan gebruik vir voorbidding. Gebruik die boek **Operation World** vir basiese inligting oor die land waar in jy 'n gebedsendeling gaan word. Jy kan selfs inteken op 'n koerant of tydskrif van daardie land om op 'n gereelde basis inligting te bekom. Kry vir jou 'n lêer en selfs 'n plakboek waar in jy alle relevante inligting oor jou bepaalde land liasseer.

4. Bid vir die leiers van daardie land, die regering en almal in gesagsposisies.

5. Bid vir die geestelike werkers van die Christelike kerke 'n daardie land. Maak kontak met gelowiges, sendelinge, plaaslike kerke of sendingorganisasies in daardie land; verkry meer inligting oor hulle en bid doelgerig vir hulle.

6. Bid spesifiek dat die Here geestelike werkers (arbeiders in die oeslande) na daardie land sal uitstuur. Bid vir hierdie geestelike werkers en bid ook dat die gelowiges in daardie land self sal begin om geestelik leiding te neem.

7. Bid vir die ongereddes in daardie land.

8. Bid vir die gelowiges en nuwe bekeerlinge in daardie land.

9. Bid vir spesifieke stede in die land, as jy so gelei word.

10. Dit is belangrik dat jy met daardie land sal identifiseer; dat jy die land en sy mense sal liefkry. Vas en bid op 'n gereelde basis vir daardie land. Doen die werk van gebed asof jy fisies in die land is. Moenie jou gebedsendingwerk as opsioneel sien nie, moenie dink niemand sal tog weet as jy nie bid nie. Bid asof niemand anders vir daardie land bid nie. Neem geestelik verantwoordelikheid vir daardie land.

11. Doen geestelike oorlogvoering vir daardie land. Bid dat die Heilige Gees aan jou sal toon watter vestings van die Bose daar is.

12. Bid vir die siekes, die wat in tronke is, die verdruktes en diegene wat honger ly.

13. Bid vir herlewing in die kerk in daardie land. Wanneer ons vir herlewing bid, moet ons ten minste vir die volgende dinge bid:
    a) dat daar reiniging in die kerk self sal kom en dat die lidmate hulle sondes sal bely en laat staan; *"En My volk oor wie My Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na My wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land herstel"* **(2 Kron.7:14);**

b) dat daar ‘n honger na God self sal wees in die kerk; *"Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra*” **(Jer.29:13);**

c) dat daarin nuwe vrygewigheid in die kerk sal kom; dat lidmate hulle tiendes en meer as hulle tiendes vir die werk van die Here sal gee; *"Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe, sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of ek nie die vensters van die hemel sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie*” **(Mal.3:10);**
"As jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag" **(Jes.58:10-12);**

d) vir eenheid in die liggaam van Christus in daardie land; *“Ek bid dat hulle een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U*” **(Joh.17:21)**;

e) vir gebrokenheid onder die gelowiges; “*Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes* **(Jes.57:15, OV)**;

f) vir die gelowiges vir vrymoedigheid om te getuig en hulle geloof uit te leef. “*En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig”* **(Hand.4:29)**.

14. Bid vir geopende deure sodat die Woord sy snelle loop in daardie land kan neem.
“*Bid dat God vir ons ‘n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig waarvoor ek hier gevange sit. Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is*” **(Kol.4:3-4).**

15. Bid vir die sendelinge en predikante/pastore wat besig is met die verkondiging van die Woord. Bid vir geestelike vrug, vrug wat sal bly. Bid vir die saad wat gesaai word, vir godsdienstige programme oor die nasionale senders van die land: TWR se senders, vir traktaatjies en ander geestelike lektuur wat versprei word, vir die werk van evangelisasiespanne en vir die getuienisse van individuele gelowiges.

16. Bid vir die redding van hele families. In baie lande is dit vir jong bekeerlinge moeilik om staande te bly, omdat daar baie druk en vervolging is wanneer iemand ‘n Christen word. Dit help baie indien die hele gesin, of selfs net twee persone in ‘n gesin, Christene is.

17. Jy moet ‘n definitiewe besluit neem, jouself verbind om ‘n gebedsendeling te wees. Die gewone sendelinge neem ‘n besluit om vir ‘n jaar, twee jaar of lewenslank in ‘n bepaalde land te gaan werk. Die gebedsendeling moet vir homself besluit om vir ‘n jaar of twee jaar of langer in ‘n bepaalde land te gaan sendingwerk doen - deur middel van gebed.

18. Opsommend kan ons sê dat die taak van die gebedsendeling basies die volgende is:
a) deur middel van gebed moet ons die akker voorberei vir die saad wat gesaai moet word;
b) deur middel van gebed moet ons geestelike werk/werkers ondersteun en die werk van die Here rugsteun;
c) deur middel van gebed moet ons beskerming verleen aan die werk van die Here wat die hele aspek van geestelike oorlogvoering teen aanvalle van die Bose behels;
d) deur middel van gebed moet ons tot die aanval oorgaan teen die vestings van die Bose en sy planne/drogredenasies, sodat die koninkryk van God uitgebrei kan word.

19. Daar is vier basiesegebedsonderwerpe waarvoor die gebedsendeling altyd moet bid:
a) vir die arbeiders in die oesland en vir meer arbeiders in die oesland **(Matt.9:38);**

b) vir oop deure sodat die evangelie sy snelle loop kan neem **(Kol.4:2-3);**
c) vir geestelike en blywende vrug op geestelike arbeid **(2 Tess.3:1);**
d) vir die nodige fondse vir die voortgang van die evangelie **(Rom.10:14-15; Fil.4:19)**.

20. Moenie die kinders as voorbidders buite rekening laat nie. Kinders is getroue voorbidders. Vir kinders kan die boek **You can Change the World** van Jill Johnstone gebruik word. Ouers kan kinders help om ‘n plakboek te maak en ook foto’s van sendelinge of ‘n bepaalde land bekom wat hulle sal stimuleer om te bid. Die Gees van God is op ‘n geweldige kragtige wyse reg oor die wêreld besig om kinders op te rig om voorbidding te doen.

21. Oorweeg dit om saam met twee of drie ander Chnistene ‘n gebedsreis na die betrokke land te onderneem om fisies binne die land te gaan bid. Sulke reise gee aan voorbidders ‘n beter idee oor hoe om te bid.